

Vrydag 9 Junie

Skrifgedeelte: Openbaring 21:22-27

Fokusgedeelte: Openbaring 21:3; HK Sondag 22, Antwoord 58

Die ewige lewe: altyd by die Here

Die ewige lewe word in die Skrif aan ons voorgehou as 'n lewe waarin God en sy volk vir ewig by mekaar sal wees. Van God word in dié verband gesê: “Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God” (Op. 21:3). En in 1 Tessalonisense 4:17 sê Paulus hieroor: “En so sal ons altyd by die Here wees.”

God sal by ons wees en ons by God. Dit is die grootste en die heerlikste van die ewige lewe. Die rede vir die verlore mensheid se ewige vreugde is immers nie in die pêrelpoorte en strate van goud van die nuwe Jerusalem geleë nie (Op. 21:21), maar daarin dat God in die midde van sy mense sal wees. Hy sal met sy geseënde teenwoordigheid onder hulle woon. Tussen Hom en die verlore mensheid sal 'n ewige, innige gemeenskap wees en niks sal hulle ooit weer van mekaar kan skei nie (Rom. 8:38, 39).

Hierdie innige gemeenskap sal ook 'n volkome genieting by die verlore mensheid teweegbring. Net soos twee geliefdes wat lank van mekaar geskei was en opreg na mekaar verlang het, dit so intens kan geniet om weer by mekaar te wees, so sal die kinders van God dit ewig en intens geniet om by die God te wees wat hulle so liefgehad het. Daarom is dit te verstane dat die ewige lewe ook as die bruilofsmaal van die Lam aangedui word (Op. 19:9). 'n Huwelik en 'n bruilof is immers 'n hoogtepunt in die verhouding van 'n man en 'n vrou wat mekaar opreg liefhet.

Vir ons in wie se lewe die kerk hier op aarde 'n besondere rol in ons verhouding tot God speel, mag dit vreemd klink as daar gesê word dat daar op die nuwe aarde nie 'n tempel of kerk sal wees nie (Op. 21:22). Dit beteken egter nie dat God nie daar op 'n besondere wyse gedien sal word nie, maar net die teenoorgestelde: God sal daar *oral* gedien word, want Hy is self die tempel (Op. 21:22).

Daarom sal 'n aparte tempel of kerkgebou nie meer nodig wees nie, want alles op die nuwe aarde sal tempel en kerk wees. Die nuwe aarde sal 'n reus-agtige tempel wees en die nuwe hemel sal die koepelgewelf daarvan vorm. Elke diens sal daar 'n altaardiens wees. Elke daad 'n offerande, elke woord 'n lieflike geur vir die Here.

Dwarsdeur die diens wat die verlore kinders van God dan sal verrig, sal altyd hulle lofsang tot eer van God gehoor word waarin hulle Hom prys vir die heerlike verlossing wat Hy deur Christus vir hulle bewerk het: “Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam, behoort die lof en die eer, die heerlikheid van krag tot in alle ewigheid” (Op. 5:13).